Geagte Voornemende Kampeerder en Ouer 2022 - 01- 20

Die Hoëveld Penkop- en Drawwertjiekamp vind plaas gedurende die April vakansie. Hiermee nooi ons graag u kommando uit om ons kamp van Die Voortrekkers Transvaal, by te woon. Hoëveld P/D kamp wil elke lid waarsku, pak solank jou tas, daar wag groot opwinding!!!!

Hoofbestuur & Gebied Tema: Blye Vooruitsigte.

Hoëveld Tema: Met Brandende Harte tot Wenners

Datum: Saterdag 19 Maart 2022 om 08h00 tot Woensdag 23 Maart 2022 om 12:00
Plek: Voortrekkerterrein Hartbeesfontein sowat 50 km Noord vanaf Pretoria
Kursusse: Slegs 1 Spesialisasie per kind op die kamp.
Ete: Kos vir ontbyt - eerste ete is eers na 12:00 Saterdag

	Spesialisasies	**Spesialisasies**	**Spesialisasies**
Gr 1	Spele	(Slegs kinders van volwassenes wat kamp)	
Gr 2	Veldkook	(Slegs kinders van volwassenes wat kamp)	
Gr 3	Handwerk	Spoorkennis	Toeka
Gr 4	Vasbyt (Fiksheid) Skibroeke is 'n vereiste. Offisiere moet kinders evalueer - nie alle kinders is in staat om die Spesialisasie te voltooi nie.	Plantekennis	Noodhulp
Gr 5	Weerkennis	Touwerk	
Gr 6	Spoorsny	Kommunikasie	Sterrekunde
Gr 7	Medemens	Veldbewustheid	
Volw	**Volwasse Intree Kurses**		

Kampgelde:
Kursusgangers (Penkoppe en Drawwertjies, Gr 1-7) R750.00
(Gr 1 & 2 moet deur ouers vergesel wees)
Volwasse Intree Kurses R750.00
Kombuisspan (eerste 12 word aanvaar) R300.00
Geen persone in kombuis met kinders kleiner as gr 3 nie)
Volwassenes (alle volwassenes doen diens) R600.00
Verkenners R600.00
(Verkenners wat bereid is om spesiale diens te doen by kleuters of spesiale opdragte mag inskryf, geen diens by kursusse of in die kombuis is toelaatbaar nie)
Kleuters 3 jaar en ouer R600.00

SNOEPIE: **Op aanvraag gaan daar weer 'n Snoepie wees.**

Sluitingsdatum: Donderdag 3 Maart 2022. **Opsommings en vorms** by Lelanie of Gebied (Alle inbetaling vir lede moet by hul kommando gemaak word)

T-Hemde: T-hemde op bestelling kan aangekoop word. Goedkoper oranje golf hemde met drukwerk is beskikbaar vir kinders en volwassenes. Beter kwaliteit golf hemde (ander kleur) in mans en dames groottes word geborduur. Hoëveld Baadjies is ook beskikbaar op bestelling vir volwassenes. Vorms moet volledig voltooi word. Laat inskrywings se T-hemde kan nie gewaarborg word om betyds vir die kamp te wees nie.

Fees Bekers: Daar is nog Termiese Bekers beskikbaar van die 40 jaar Feeskamp teen R50.00 elk.

Kampbywoning:Indien 'n kind laat kom of die kamp vroeg verlaat sal hy/sy nie in aanmerking kom vir die spesialisasie / GGA nie.

Volwassenes: Alle ingeskrewe volwassenes moet 'n plaasvervanger stuur as die kamp nie meer bygewoon kan word nie, of vir gedeeltes van die tydperk wat die betrokke persoon nie beskikbaar is nie.

Kampbenodighede: n Lys van alle benodigdhede, sowel as kursusbenodigdhede sal die kursus bevestingsbrief vergesel. Dit sal ook op die web beskikbaar wees.

Vir meer besonderhede skakel u kommandoleier of sekretaresse. Indien u nie regkom nie, is u welkom om die persone by onderstaande nommers te skakel. Ons vertrou dat ons op u samewerking kan staatmaak om van hierdie kamp 'n groot sukses te maak

Voortrekkergroete

Philip de Kock
Kampleier
Sel : 082 657 3300
E-pos : pwdk@absamail.co.za

Lelanie van Wyk
Kampsekretaresse
Sel: 084 986 4236
E-pos : coecks@gmail.com